DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 13 /2025 - 24 April 2025

## "Kreatiwiteit is aansteeklik, dra dit oor." – Albert Einstein







## Teksvers vir die jaar

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Jeremia 17: 7 - 8**

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.



# BELANGRIKE DATUMS VIR DIE KWARTAAL

**AKADEMIE**

| | |
|---|---|
| 10 April | Toetsreeks begin |
| 20 Mei | Toetsreeks eindig |
| 26 Mei | Wintereksamen begin (graad 10 - 12) |
| 4 Junie | Wintereksamen begin (graad 8 & 9) |
| 27 Junie | Skool sluit |

Toetsrooster   Studiekursus

**EKSTRA KLASSE**

| | |
|---|---|
| Wiskunde | Alle grade |
| FW | Graad 10 – 12 |
| English | Graad 8 |

Raadpleeg Ed-admin vir tye en lokale.

Documents—Parents—Akademie

**OPENBARE VAKANSIEDAE EN SKOOLVAKANSIEDAE**

| | |
|---|---|
| 27 April | Vryheidsdag |
| 28 April - 2 Mei | Skoolvakansiedae |
| 16 Junie | Jeugdag |

**KULTUURKALENDER**

Kultuur

**WINTERSPORTBEPALINGS**

Netbal

Rugby

Hokkie

**REÜNIE**

| | |
|---|---|
| 16 Mei | 50 jaar |

**OORSKAKELING NA WINTERSDRAG**

Oorgangstydperk: 5 - 9 Mei 2025
Verpligte wintersdrag: 12 Mei 2025

**Swaai jou MySchool-kaart en Boost ons oor die amfi**












# KOMMUNIKASIE


## ED-ADMIN

Hou die toepassing vir inligting oor u kind se punte, afwesighede, gedrag en vakonderwysers dop.




- Administrasie
- Akademie
- Finansies
- Fotobestellings
- Kommunikasie
- Musiek-akademie
- Omsendbriewe
- Parkieraadprojekte
- Perioderoosters
- Skooldrag, klerebank en sportwinkel
- Sosiale kalender

&







## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Hoedjies was tot in die tagtigerjare deel van die dogters se skooldrag.



## Afrikaans vier 100 jaar: Het jy geweet?

'n Mens skryf "op pad" as twee, los woorde.

'n Mens is dus altyd op pad huis toe.

# Parkieraad-planne: Proppieprojek

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# PARKIE PROPPIEPROJEK

## MIKPUNT

**450 kg**

**=**

**'n rolstoel vir 'n persoon in nood**

- **Parkies + Proppies = Menlo-verskil**
- **Proppies word by voogklasse ingehandig.**
- Die projek tel punte vir GRAAD van die JAAR!

*Menlo gee om.*

# KULTUUR

## MENLO-ELITEKUNSUITSTALLING NOU AAN DIE GANG

De Gallerij-kunsateljee by Pierneef's Kraal speel tot 4 Mei gasheer vir die kunswerke van die skool se mees talentvolle kunstenaars. Almal is welkom om tussen 08:00 en 16:00 'n draai te maak om hulle in die skoonheid van die kunswerke te verkneukel.



# MENLO-MUSIEK-AKADEMIE

### Het jy geweet?

Jy kan musieklesse op Menlo-bodem neem.

### Wie kan lesse neem?

•Enigiemand is welkom — van beginners tot gevorderde musici.

•Ons bied informele lesse, eksamenvoorbereiding en voorbereiding vir eisteddfods aan.







# AMFI-GEBEURE







- Stephan Joubert, bekende skrywer en teoloog, het die Menloparkers met 'n unieke Paasboodskap geïnspireer en die Jesusweek op Menlo-bodem ingelui.
- Van die eerstespanne se klere is tydens 'n spesiale seremonie deur die o. 14's aan die eerstespanne oorhandig.







# SPORT






## NETBAL

**Menloparkers in Gauteng-spanne:**

Katelin Robinson (o. 14)

Mia Deysel (o. 15)

Jeanie van Biljon (o. 17)

Suzanne Muller (o. 17)



## FIETSRY

**Prestasies by die NWU-reeks**

| | |
|---|---|
| LJ van der Westhuizen | |
| Junior seuns | 1e |
| Arielle Behr | |
| Senior dogters | 5de |
| Stephan Aldum | |
| Senior seuns | 2de |
| Algeheel | |
| Juniors | 2de |
| Seniors | 3de |
| Gesamentlik | 2de |

Die seisoen se eerste Cycle Lab-resies vind op 31 Mei plaas. Alle fietsryers is welkom - van beginners tot meer waaghalsige jaers. Maak gerus by me. Simoné Labuschagne 'n draai om meer uit te vind.

**SA Downhill Championships**

Evert Maritz is Suid-Afrika se nuwe DHI-kampioen in die kategorie vir subjuniors.

# SPORT






## HOKKIE

**St Stithians Festival: o. 18A-dogters**

1-0 vs. St Stithians
3-1 vs. Voortrekker (Bethlehem)
0-1 vs. Springfield
2-0 vs. Epworth
0-1 vs. Diocesan School for Girls

**St Stithians Festival: o. 18A-seuns**

1-1 vs. St David's Marist Inanda
0-1 vs. Reddam House Constantia
2-2 vs. Hilton College
1-4 vs. Clifton
1-2 vs. St Benedict's

**Dogtersliga vs. Midstream**

| | |
|---|---|
| O. 14A | 3-0 |
| O. 14B | 2-0 |
| O. 14C | 2-0 |
| O. 15A | 0-2 |
| O. 15B | 1-0 |
| O. 15C | 4-0 |
| O. 16A | 5-1 |
| O. 16B | 6-1 |
| Eerstes | 2-0 |
| Tweedes | 3-0 |
| Derdes | 9-0 |

# SPORT




MUURBAL: ST STITHIANS FESTIVAL

Dogters: Eerstespan 2de

# PRESTASIES BUITE MENLO

## MENLO-VOORBLADSTER

Daar is 'n Parkie op die voorblad van die nuutste GET IT-tydskrif. Blaai gerus na bladsy 12 om meer oor Hildegard Havenga te lees.



# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS







# MARKPLEIN




Jagfees is hier! Met jagseisoen om die draai, is dit dié tyd om jou toerusting te kry by Safari Outdoor® se grootste uitverkoping van die jaar.

Beskikbaar vanaf 11-27 April by elkeen van ons 7 winkels landswyd, sowel as aanlyn.

Droom groter en moenie Jagfees die jaar misloop nie!

Volledige katalogus: https://bit.ly/41O6M0M







Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.

## MENLO-BORGE

SAFARI OUTDOOR